(*a*) Government	9,838,736	15	7
(*b*) Bankers	41,813,576	10	1
(*c*) Other	2,646,314	11	9
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,733,759	18	5
	£159,361,796	12	10

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £16,425,630. 0s. 7d. held outside Union	62,770,825	5	7
Subsidiary Coin	283,211	16	11
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	22,600,000	0	0
(*b*) Foreign	20,887,405	6	7
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	9,482,381	9	9
Government Securities	29,951,766	19	10
Other Securities:—			
(*a*) Union	3,548,976	15	1
(*b*) Foreign	912,129	0	1
Other Assets:—			
(*a*) In Union	3,564,438	6	4
(*b*) Outside Union	5,360,661	12	8
	£159,361,796	12	10

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 51·7 per cent.
Signed this 24th day of February, 1954.

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

★ No. 415.] [5 Februarie 1954.

OPENBARE REKENMEESTERS- EN OUDITEURS-RAAD.

Hierby word ingevolge subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), bekendgemaak dat die Minister van Finansies sy goedkeuring geheg het aan die kwalifikasies, in die Bylae hiervan gemeld, wat die besitters daarvan die reg verleen om in die mate gemeld in genoemde Bylae, vrystelling te verkry van die verpligting om te voldoen aan die vereistes waaraan persone moet voldoen wat as rekenmeesters en ouditeurs geregistreer wil word.

BYLAE.

Kwalifikasie.	*Mate van vrystelling.*
Die finale eksamens van die Association of Certified and Corporate Accountants of die Institute of Chartered Accountants in Ireland	Alle eksamens deur die Raad voorgeskryf, uitgesonderd die Finale Kwalifiserende Eksamen en die Spesiale Eksamen in Uniewette.
Die finale eksamens van die Institute of Chartered Accountants in England and Wales, die Institute of Chartered Accountants of Scotland of die Society of Incorporated Accountants and Auditors	Alle eksamens deur die Raad voorgeskryf, uitgesonderd die Spesiale Eksamen in Uniewette.
Die finale eksamens van die South African Accountants Societies' General Examining Board wat voor 1 November 1951 deur lede van The Rhodesia Society of Accountants afgelê is	Alle eksamens deur die Raad voorgeskryf.

★ No. 415.] [5 February 1954.

PUBLIC ACCOUNTANTS' AND AUDITORS' BOARD.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), it is hereby notified that the Minister of Finance has approved the qualifications detailed in the Schedule hereto as entitling the holders thereof to exemption from compliance with the requirements to be complied with by persons desiring to be registered as accountants and auditors to the extent shown in the said Schedule.

SCHEDULE.

Qualification.	*Extent of Exemption.*
The Final Examinations of the Association of Certified and Corporate Accountants or the Institute of Chartered Accountants in Ireland	All examinations prescribed by the Board except the Final Qualifying Examination and the Special Examination in the Law of the Union.
The Final Examinations of the Institute of Chartered Accountants in England and Wales, the Institute of Chartered Accountants of Scotland or the Society of Incorporated Accountants and Auditors	All examinations prescribed by the Board except the Special Examination in the Law of the Union.
The Final Examinations of the South African Accountants Societies' General Examining Board which were passed before 1st November, 1951, by members of The Rhodesia Society of Accountants	All examinations prescribed by the Board.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 378.] [5 Maart 1954.

BROU VAN KAFFERBIER OP DIE PLAAS HARTEBEESTFONTEIN No. 41, DISTRIK KLERKSDORP.—BUFFELSFONTEIN GOLD MINING COMPANY, LIMITED.

Kragtens artikel *een honderd sewe-en-twintig* (1) van die Drankwet, No. 30 van 1928, verleen ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie vir die Unie van Suid-Afrika, hierby magtiging vir die brou en verbruik, op die persele van die Buffelsfontein Gold Mining Company, Limited, geleë op Gedeelte B van die plaas Hartebeestfontein No. 41, in die distrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, van redelike hoeveelhede kafferbier—hoogstens agt pinte per werknemer per week—wat deur gemelde Buffelsfontein Gold Mining Company, Limited, gratis aan sy Naturelle- en Kleurlingwerknemers verskaf moet word; sodanige brou en verbruik moet onder die toesig van 'n verantwoordelike blanke manspersoon geskied.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 413.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN 'N „E"-HOF OP BULGERIVIER, DISTRIK WATERBERG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*e*) van artikel *twee* van die Magistraatshowewet, 1944 (Wet No. 32 van 1944), wys ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justice, met ingang van die datum van publikasie hiervan, Bulgerivier in die distrik Waterberg, Provinsie Transvaal, hierby aan as 'n plek waar daar, benewens Nylstroom, die magistraatsetel, sittings van 'n hof vir gemelde distrik gehou kan word.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 416.] [5 Maart 1954.

WESTELIKE RONDGAANDE HOF.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat sittings van bogenoemde hof vir die distrikte Klerksdorp, Wolmaransstad, Bloemhof, Christiana, Potchefstroom, Oberholzer, Ventersdorp, Lichtenburg, Marico, Schweizer Reneke, Delareyville en Rustenburg gehou sal word.

En verder beveel en gelas ek dat genoemde rondgaande hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld; met dien verstande dat, ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of ophoud verhinder word om die sitting van 'n rondgaande hof op enigeen van genoemde plekke op die datum wat vir die doel vasgestel is, te open, so 'n sitting van die rondgaande hof geopen moet word op die dag waarop die Regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

G. J. MARITZ,
Regter-president (Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika).

BYLAE.

Klerksdorp (vir die distrikte Klerksdorp, Wolmaransstad, Bloemhof en Christiana): Maandag, 22 Maart 1954, om 9 vm.

Potchefstroom (vir die distrikte Potchefstroom en Oberholzer): Saterdag, 27 Maart 1954, om 9 vm.

Ventersdorp (vir die distrikte Ventersdorp, Lichtenburg, Marico, Schweizer Reneke en Delareyville): Woensdag, 31 Maart 1954, om 9 vm.

Rustenburg (vir die distrik Rustenburg): Woensdag, 7 April 1954, om 9 vm.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 378.] [5 March 1954.

BREWING OF KAFFIR BEER ON THE FARM HARTEBEESTFONTEIN No. 41, DISTRICT OF KLERKSDORP.—BUFFELSFONTEIN GOLD MINING COMPANY, LIMITED.

Under section *one hundred and twenty-seven* (1) of the Liquor Act, No. 30 of 1928, I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice for the Union of South Africa, do hereby authorise the brewing and consumption on the premises of the Buffelsfontein Gold Mining Company, Limited, situate on Portion B of the farm Hartebeestfontein No. 41, in the District of Klerksdorp, Province of the Transvaal, of reasonable quantities of kaffir beer, not exceeding eight pints per employee per week, to be supplied gratis by the said Buffelsfontein Gold Mining Company, Limited to its Native and Coloured employees; such brewing and consumption to take place under the supervision of a responsible European male person.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

✱ No. 413.] [5 March 1954.

ESTABLISHMENT OF "E" COURT AT BULGERIVIER, DISTRICT WATERBERG.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*e*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice, do hereby and with effect from the date of publication hereof, appoint Bulgerivier in the District of Waterberg, Province of the Transvaal, as a place for the holding of a Court for that District in addition to Nylstroom, the seat of Magistracy.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

✱ No. 416.] 5 March 1954.

WESTERN CIRCUIT COURT.

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that the above court will be held for the Districts of Klerksdorp, Wolmaransstad, Bloemhof, Christiana, Potchefstroom, Oberholzer, Ventersdorp, Lichtenburg, Marico, Schweizer Reneke, Delareyville and Rustenburg.

And I do further direct and appoint that the said circuit courts shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto; provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the circuit courts at any of the said places on the day fixed for the purpose, such circuit court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

G. J. MARITZ,
Judge President (Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa).

SCHEDULE.

Klerksdorp (for the Districts of Klerksdorp, Wolmaransstad, Bloemhof and Christiana): Monday, 22nd March, 1954, at 9 a.m.

Potchefstroom (for the Districts of Potchefstroom and Oberholzer): Saturday, 27th March, 1954, at 9 a.m.

Ventersdorp (for the Districts of Ventersdorp, Lichtenburg, Marico, Schweizer Reneke and Delareyville): Wednesday, 31st March, 1954, at 9 a.m.

Rustenburg (for the District of Rustenburg): Wednesday, 7th April, 1954, at 9 a.m.

✱ No. 417.] [5 Maart 1954.

NOORDELIKE RONDGAANDE HOF.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat sittings van bogenoemde hof vir die distrikte Potgietersrust, Warmbad, Waterberg, Pietersburg, Letaba, Zoutpansberg en Sibasa gehou sal word.

En verder beveel en gelas ek dat genoemde rondgaande hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld; met dien verstande dat, ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of ophoud verhinder word om die sitting van 'n rondgaande hof op enigeen van genoemde plekke op die datum wat vir die doel vasgestel is, te open, so 'n sitting van die rondgaande hof geopen moet word op die dag waarop die Regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

G. J. MARITZ,
Regter-president (Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika).

BYLAE.

Potgietersrust (vir die distrikte Potgietersrust, Warmbad en Waterberg): Maandag, 22 Maart 1954, om 9 vm.

Pietersburg (vir die distrikte Pietersburg en Letaba): Vrydag, 26 Maart 1954, om 9 vm.

Louis Trichardt (vir die distrikte Zoutpansberg en Sibasa): Woensdag, 31 Maart 1954, om 9 vm.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 388.] [5 Maart 1954.

REGISTRASIE EN VERKOOP VAN MISSTOWWE.—VOORGESTELDE WYSIGING VAN REGULASIES.

Ingevolge die bepalings van subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig, word hierby kennis gegee dat dit die voorneme is om binne agt weke na die datum van publikasie hiervan maar minstens vier weke na gemelde datum, die regulasies uiteengesit in die Bylae hierby, ingevolge subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van genoemde Wet af te kondig.

Belanghebbende persone word versoek om besware teen of vertoë aangaande die voorgestelde regulasies aan die Sekretaris van Landbou, Landbougebou, Pretoria, voor te lê binne vier weke na die datum van publikasie hiervan.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

BYLAE.

Die regulasies afgekondig in die Aanhangsel van Goewermentskennisgewing No. 1156 van 4 Junie 1948, word hierby gewysig deur—

(1) aan die einde van paragraaf (1) van regulasie 1 die woorde „geammonifiseerde superfosfaat, kalsium-ammoniumnitraat en ammoniumsulfaat-nitraat;" in te voeg;

(2) (*a*) in subregulasie (1) van regulasie 6 die woorde—

„(ix) *kalsium-ammoniumnitraat;*
(x) *ammoniumsulfaat-nitraat;*"

tussen die woorde „(viii) *bloedmeel*" en „tensy" in te voeg;

(*b*) in paragraaf (*a*) van genoemde subregulasie (1) die woorde—

„(ix) 20 persent;
(x) 26 persent;"

tussen die woorde „(viii) 12 persent" en „stikstof (N)" in te voeg; en

✱ No. 417.] [5 March 1954.

NORTHERN CIRCUIT COURT.

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that the above court will be held for the Districts of Potgietersrust, Warmbaths, Waterberg, Pietersburg, Letaba, Zoutpansberg and Sibasa.

And I do further direct and appoint that the said circuit courts shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto; provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the circuit courts at any of the said places on the day fixed for the purpose, such circuit court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

G. J. MARITZ,
Judge President (Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa).

SCHEDULE.

Potgietersrust (for the Districts of Potgietersrust, Warmbaths and Waterberg): Monday, 22nd March, 1954, at 9 a.m.

Pietersburg (for the Districts of Pietersburg and Letaba): Friday, 26th March, 1954, at 9 a.m.

Louis Trichardt (for the Districts of Zoutpansberg and Sibasa): Wednesday, 31st March, 1954, at 9 a.m.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 388.] [5 March 1954.

REGISTRATION AND SALE OF FERTILIZERS.—PROPOSED AMENDMENT OF REGULATIONS.

In accordance with the provisions of sub-section (4) of section *twenty-three* of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended, it is hereby notified that it is intended, within eight weeks of the date of publication hereof, but at least four weeks after the said date, to promulgate the regulations appearing in the Schedule hereto in terms of sub-section (1) of section *twenty-three* of the said Act.

Interested persons are invited to submit objections to or representations in respect of the proposed regulations to the Secretary for Agriculture, Agriculture Building, Pretoria, within four weeks of the date of publication hereof.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

SCHEDULE.

The regulations published in the Annexure to Government Notice No. 1156 of the 4th June, 1948, are hereby amended by—

(1) adding the words "ammoniated superphosphate, calcium ammonium nitrate and ammonium sulphate nitrate;" at the end of paragraph (i) of regulation 1;

(2) (*a*) inserting the words—

"(ix) *calcium ammonium nitrate;*
(x) *ammonium sulphate nitrate;*"

between the words "(viii) *bloodmeal*" and "unless" in sub-regulation (1) of regulation 6;

(*b*) inserting the words—

"(ix) 20 per cent;
(x) 26 per cent;"

between the words "(viii) 12 per cent;" and "nitrogen (N)" in paragraph (*a*) of the said sub-regulation (1); and

(*c*) in paragraaf (*b*) van genoemde subregulasie (1) die woorde—

„(ix) 16 persent;
(x) 22 persent;"

tussen die woorde „(viii) 9 persent" en „stikstof (N)" in te voeg;

(3) (*a*) die volgende nuwe paragraaf aan die einde van subregulasie (1) van regulasie 9 in te voeg:—

„(*d*) *geammonifiseerde superfosfaat* tensy dit—

(i) 'n *hoëgraadse* misstof is wat minstens 2·5 persent stikstof en 17 persent fosforoksied wat in water oplosbaar is, bevat; of
(ii) 'n *laegraadse* misstof is wat minstens 2 persent stikstof en 15 persent fosforoksied wat in water oplosbaar is, bevat"; en

(*b*) in subregulasie (2) van genoemde regulasie 9 'n komma na die woord „*di-ammoniumfosfaat*" te plaas, die woord „of" te skrap en die woorde „of *ge-ammonifiseerde superfosfaat*" tussen die woorde „*mono-ammoniumfosfaat*" en „verkoop" in te voeg;

(4) (*a*) die volgende samestellings aan die einde van subregulasie (1) van regulasie 12 in te voeg:—

		„of
(xii) 8	5	8; of
(xiii) 12	6	0; of
(xiv) 12	6	3;";

(*b*) in subregulasie (2) van genoemde regulasie 12 alle woorde tot en met die woord „is" waar dit die eerste keer voorkom, te vervang deur die woorde:—

„(2) Niemand mag 'n kunsmatig gemengde misstof onder die uitdrukking, „½ ORG. N" verkoop nie, tensy—

(*a*) minstens 50 persent van die stikstof in sodanige misstofmengsel van 'n dierlike of plantaardige oorsprong is;"; en

(*c*) in subregulasie (3) van genoemde regulasie 12—

(i) die syfer „(xi)" deur die syfer „(xiv)" te vervang, en
(ii) die woord „en" waar dit die derde keer voorkom te skrap, en aan die einde die volgende samestellings by te voeg:—

„M 8-5-8,
O 12-6-0, en
P 12-6-3";

(5) (*a*) in paragraaf (*a*) van subregulasie (1) van regulasie 13, subparagrawe (i), (ii) en (iii) deur die volgende subparagrawe (i) tot (iv) te vervang:—

„(i) drie dele, volgens gewig, H.G. supers en twee dele, volgens gewig, H.G. rufosfaat; of
(ii) twee dele, volgens gewig, H.G. supers en drie dele, volgens gewig, H.G. rufosfaat; of
(iii) vier dele, volgens gewig, H.G. supers en een deel, volgens gewig, H.G. rufosfaat; of
(iv) een deel, volgens gewig, H.G. supers en een deel, volgens gewig, H.G. rufosfaat, bestaan."; en

(*b*) in sub-regulasie (2) van genoemde artikel 13—

(i) die woord „en" waar dit vir die derde keer voorkom, te skrap;
(ii) die uitdrukking „en (iv)" tussen die syfer „(iii)" en die woord „van" waar dit die derde keer voorkom, in te voeg; en

(*c*) inserting the words—

"(ix) 16 per cent;
(x) 22 per cent;"

between the words "(viii) 9 per cent;" and "nitrogen (N)" in paragraph (*b*) of the said sub-regulation (1);

(3) (*a*) adding the following new paragraph at the end of sub-regulation (1) of regulation 9:—

"(*d*) *ammoniated superphosphate* unless it is—

(i) a *high grade* fertilizer which shall contain at least 2·5 per cent nitrogen and 17 per cent phosphoric oxide soluble in water; or
(ii) a *low grade* fertilizer which shall contain at least 2 per cent nitrogen and 15 per cent phosphoric oxide soluble in water.";

(*b*) inserting a comma after the words "*di-ammonium phosphate*", deleting the word "or" and inserting the words "or *ammoniated superphosphate*" between the words "*mono-ammonium phosphate*" and "is" in sub-regulation (2) of the said regulation 9;

(4) (*a*) adding the following compositions at the end of sub-regulation (1) of regulation 12:—

		"or
(xii) 8	5	8; or
(xiii) 12	6	0; or
(xiv) 12	6	3;";

(*b*) substituting the following words for all the words up to and including the word "form" where it appears for the second time in sub-regulation (2) of the said regulation 12:—

"(2) No person shall sell an artificially mixed fertilizer under the description "½ ORG.N" unless—

(*a*) at least 50 per cent of the nitrogen in such a fertilizer mixture is of animal or plant origin;";

(*c*) in sub-regulation (3) of the said regulation 12—

(i) substitute the figure "(xiv)" for the figure "(xi)" and
(ii) delete the word "and" where it appears for the second time, and add the following compositions at the end of sub-regulation (3) before the word "respectively":—

"M 8-5-8,
O 12-6-0, and
P 12-6-3.";

(5) (*a*) substituting the following new sub-paragraphs "(i)" to "(iv)" for the existing sub-paragraphs "(i), (ii) and (iii)" of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) of regulation 13—

"(i) three parts by weight of H.G. supers and two parts by weight of H.G. raw phosphate; or
(ii) two parts by weight of H.G. supers and three parts by weight of H.G. raw phosphate; or
(iii) four parts by weight of H.G. supers and one part by weight of H.G. raw phosphate; or
(iv) one part by weight of H.G. supers and one part by weight of H.G. raw phosphate.";

(*b*) in sub-regulation (2) of regulation 13—

(i) deleting the word "and" where it appears for the second time;
(ii) inserting the expression "and (iv)" between the figure "(iii)" and the word "of" where it appears for the second time; and

(iii) paragraaf (*a*) deur die volgende nuwe paragraaf te vervang:—

„(*a*) paragraaf (*a*) van genoemde subregulasie die uitdrukkings „3 tot 2", „2 tot 3", „4 tot 1" en „1 tot 1", onderskeidelik; of";

(6) subregulasies (1), (2) en (3) van regulasie 21 te skrap en te vervang deur die volgende subregulasies:—

„(1) Die volgende metode moet gevolg word om monsters van 'n misstof ooreenkomstig artikel *vyftien* van die Wet te neem.

(2) 'n Inspekteur of 'n ander beampte spesiaal deur die Sekretaris daartoe gemagtig, kan enige houer waarin die misstof bevat is, uitsoek en die inhoud daarvan op 'n skoon oppervlakte uitgooi. Die inhoud moet dan deurmekaar gemaak word en daarna kan die Inspekteur of beampte monsters neem vir ondersoek en ontleding.

(3) Die monsters moet dan verder behandel word soos voorgeskryf in subartikel (2) van artikel *vyftien* van die Wet."

(7) die Eerste Bylae deur die volgende nuwe Bylae te vervang:—

„1. Vir oorspronklike registrasie: £2.
2. Vir hernuwing van 'n bestaande registrasie, indien aansoek om hernuwing ingedien word—
(*a*) voor of op 30 Junie elke jaar: 5s.;
(*b*) na genoemde verstrykingsdatum: £2";

(8) in die Engelse teks van die vorm voorgeskryf in die Vyfde Bylae die uitdrukking „per cent" waar dit teenoor die woorde „Fineness" en „Observations" voorkom, te skrap.

✱ No. 399.] [3 Maart 1954.

HERSIENE KONSTITUSIE EN REGLEMENT VAN DIE ROOIPOENSKOP-VEETELERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou, kragtens artikel *twee* van die Wet op die Registratie van Stamboekvee, 1920 (Wet No. 22 van 1920), soos gewysig, die hersiene Konstitusie en Reglement van die Rooipoenskop-veetelersvereniging van Suid-Afrika met ingang van 15 Februarie 1954 goedgekeur het.

✱ No. 403.] [5 Maart 1954.

EIERBEHEERRAAD.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Eierbeheerskema, afgekondig by Proklamasie No. 8 van 1953, soos gewysig, die aanstelling van ondergenoemde persone as lede van die Eierbeheerraad vir 'n tydperk van twee jaar, met ingang 18 Februarie 1954 goed te keur:—

L. Saunders, H. T. Slatter en D. Jacobs, verteenwoordigende eierprodusente.
N. Lurie, verteenwoordigende persone wat met eiers as 'n besigheid handel.
Mev. J. M. Stewart, verteenwoordigende verbruikers van eiers.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

✱ No. 379.] [5 Maart 1954.

REGULASIES.—WET OP STANDAARDE, 1945.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewe-en-*

(iii) substituting the following new paragraph (*a*) for the existing paragraph (*a*):—

"(*a*) paragraph (*a*) of the said sub-regulation the expressions '3 to 2', '2 to 3', '4 to 1' and '1 to 1', respectively; or";

(6) deleting sub-regulations (1), (2) and (3) of regulation 21 and substituting the following therefor:—

"(1) The following method shall be adopted when taking samples of a fertilizer in terms of section *fifteen* of the Act.

(2) An inspector or any other officer specially authorized thereto, by the Secretary may take any container in which the fertilizer is kept and spread the contents thereof on a clean surface. Such contents shall threafter be mixed, after which the inspector or officer, may take samples for examination and analysis therefrom.

(3) The samples shall then be dealt with as prescribed by sub-section (2) of the section *fifteen* of the Act."

(7) substituting the following new Schedule for the existing First Schedule:—

"1. For original registration: £2.
2. For renewal of an existing registration if application for renewal is lodged—
(*a*) on or before 30th June every year: 5s.;
(*b*) subsequent to the date of expiry aforesaid: £2";

(8) deleting the expression "per cent" where it appears opposite the words "Fineness" and "Observations" in the English text of the form prescribed in the Fifth Schedule.

✱ No. 399.] [3 March 1954.

REDRAFTED CONSTITUTION AND BY-LAWS OF THE RED POLL CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA.

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has, in terms of section *two* of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1920 (Act No. 22 of 1920), as amended, approved of the redrafted Constitution and By-laws of the Red Poll Cattle Breeders' Society of South Africa, with effect from the 15th February, 1954.

✱ No. 403.] [5 March 1954.

EGG CONTROL BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers vested in him by section *three* of the Egg Control Scheme, to approve of the appointment of the undermentioned persons as members of the Egg Control Board for a period of two years with effect from the 18th February, 1954:—

L, Saunder, H. T. Slatter and D. Jacobs, representing producers of eggs.
N. Lurie, representing persons dealing in the course of trade with eggs.
Mrs. J. M. Stewart, representing consumers of eggs.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

✱ No. 379.] [5 March 1954.

REGULATIONS.—STANDARDS ACT, 1945.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by section *twenty-seven* of the

twintig van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, die regulasies wat kragtens genoemde Wet uitgevaardig en by Goewermentskennisgewing No. 1606 van 30 Julie 1948, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 749 van 22 April 1949, 275 van 10 Februarie 1950, 877 van 18 April 1952 en 2636 van 14 November 1952, gepubliseer is, te wysig soos in die Bylae hiervan gemeld.

BYLAE.

WYSIGING VAN REGULASIES.

Met ingang van 1 Oktober 1953 word die volgende regulasie in die plek gestel van die bestaande regulasie 5 (1):—

„5. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), is die grade en salarisskale wat op die beamptes en werknemers van die Raad van toepassing is, soos volg—

(*a*) in die geval van tegniese beamptes—

Direkteur: £1,920 × £60—£2,280 per jaar;
Assistent-direkteur: £1,620 × £60—£1,800 per jaar;
Eerste tegniese beampte: £1,380 × £60—£1,620 per jaar;
Senior tegniese beampte: £1,020 × £60—£1,380 per jaar;
Tegniese beampte: £780 × £48—£1,020 per jaar;
Assistent-tegniese beampte: £480 × £30—£540 × £48—£876 per jaar;

(*b*) in die geval van administratiewe en klerklike beamptes—

Sekretaris-tesourier: £1,140 × £60—£1,500 per jaar;
Rekenmeester: £894 × £42—£1,020 × £60—£1,200 per jaar;
Senior administratiewe beampte: £786 × £36—£894 × £42—£1,020 × £60—£1,200 per jaar;
Klerk (Senior): £480 × £30—£750—£786 per jaar;
Klerk (Junior): £168—£186 × £24—£330 × £30—£510 per jaar;
Senior vroulike klerk: £360 × £30—£630 per jaar;
Snelskrif-tikster: £2,588 × £24—£330 × £30—£570 per jaar;
Tikster: £234 × £24—£330 × £30—£420 per jaar;

(*c*) in die geval van tegniese assistente—

Tegniese assistent, graad I: £720—£750 × £36—£858 per jaar;
Tegniese assistent, graad II: £510 × £30—£720 per jaar;
Tegniese assistent, graad III: £306—£330 × £30—£510 per jaar;

(*d*) in die geval van nie-blanke ongeskoolde arbeiders, 'n loon van hoogstens die basiese loon betaalbaar aan ongeskoolde arbeiders in die kommersiële distribusiebedryf in die gebied waarin die Raad van hul dienste gebruik maak."

✱ No. 389.] [5 Maart 1954.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *twee*, *drie* en *ses* van die Wet op die Raad van Handel en Nywerheid, 1944 (Wet No. 19 van 1944), sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van die heer Andries Adriaan Smit as lid van die Raad van Handel en Nywerheid vir die tydperk 1 Maart 1954 tot 28 Februarie 1959.

Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, to amend the regulations promulgated under the said Act and published in Government Notice No. 1606, dated 30th July, 1948, as amended by Government Notices Nos. 749, dated 22nd April, 1949, 275, dated 10th February, 1950, 877, dated 18th April, 1952, and 2636, dated 14th November, 1952, to the extent set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

AMENDMENT TO REGULATIONS.

With effect from the 1st October, 1953, the following regulation is substituted for the existing regulation 5 (1):—

"5. (1) Subject to the provisions of sub-regulation (2) the grades and salary scales applicable to the officers and employees of the Council shall be—

(*a*) in the case of technical officers—

Director: £1,920 × £60—£2,280 per annum;
Assistant Director: £1,620 × £60—£1,800 per annum;
Principal Technical Officer: £1,380 × £60—£1,620 per annum;
Senior Technical Officer: £1,020 × £60—£1,380 per annum;
Technical Officer: £780 × £48—£1,020 per annum;
Assistant Technical Officer: £480 × £30—£540 × £48—£876 per annum;

(*b*) in the case of administrative and clerical officers—

Secretary-Treasurer: £1,140 × £60—£1,500 per annum;
Accountant: £894 × £42—£1,020 × £60—£1,200 per annum;
Senior Administrative Officer: £786 × £36—£894 × £42—£1,020 × £60—£1,200 per annum;
Clerk (Senior): £480 × £30—£750—£786 per annum;
Clerk (Junior): £168—£186 × £24—£330 × £30—£510 per annum;
Senior Woman Clerk: £360 × £30—£630 per annum;
Shorthand Typist: £258 × £24—£330 × £30—£570 per annum;
Typist: £234 × £24—£330 × £30—£420 per annum;

(*c*) in the case of technical assistants—

Technical Assistant, Grade I: £720—£750 × £36—£858 per annum;
Technical Assistant, Grade II: £510 × £30—£720 per annum;
Technical Assistant, Grade III: £306—£330 × £30—£510 per annum;

(*d*) in the case of non-European unskilled labourers a wage not exceeding the basic wage payable to unskilled labourers in the commercial distributive trade in the area in which their services are utilized by the Council."

✱ No. 389.] [5 March 1954.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by sections *two*, *three* and *six* of the Board of Trade and Industries Act, 1944 (Act No. 19 of 1944), to approve of the appointment of Andries Adriaan Smit, Esquire, as member on the Board of Trade and Industries for the period 1st March, 1954, to 28th February, 1959.

✱ No. 400.] [5 Maart 1954.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, kragtens artikel *veertien* (6) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, met die Minister van Ekonomiese Sake se goedkeuring, die volgende gelde ten opsigte van permitte om die standaardmerk op die ondergenoemde handelsware aan te bring, vasgestel het:—

✱ No. 400.] [5 March, 1954.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards has, in terms of section *fourteen* (6) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, with the approval of the Minister of Economic Affairs, determined the following fees in respect of permits to apply the standardization mark to the commodities mentioned hereunder:—

S.A.B.S.-Spesifikasie nr. *S.A.B.S. Specification No.*	Kort titel. *Short Title.*	Eenheid. *Unit.*	Jaargeld per eenheid bereken tot die naaste kwarteenheid. *Annual Fee per Unit Calculated to the Nearest Quarter Unit.*
316–1951.....	Handskoene, kaphandskoene, mowwe en handskerms vir nywerheidswerkers, tipe 10/*Industrial gloves, gauntlets, mitts and handguards, type* 10	1,000 pare/*pairs*.....	£5

✱ No. 401.] [5 Maart 1954.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, kragtens artikel *veertien* (6) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, met die Minister van Ekonomiese Sake se goedkeuring, die volgende gelde ten opsigte van permitte om die standaardmerk op die ondergenoemde handelsartikel aan te bring, vasgestel het:—

✱ No. 401.] [5 March 1954.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards has, in terms of section *fourteen* (6) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, with the approval of the Minister of Economic Affairs, determined the following fees in respect of permits to apply the standardization mark to the commodity mentioned hereunder:—

S.A.B.S.-Spesifikasie nr. *S.A.B.S. Specification No.*	Kort titel. *Short Title.*	Eenheid. *Unit.*	Jaargeld per eenheid bereken tot die naaste kwarteenheid. *Annual Fee per Unit Calculated to the Nearest Quarter Unit.*
457–1954.....	Chemies geïmpregneerde houtpale en hangpaaltjies vir plaasheinings/*Chemically impregnated wooden posts and droppers for farm fences:—*		
	(*a*) pale/*posts*.....	1,000 pale/*posts*.....	£1
	(*b*) hangpaaltjies/*droppers*.....	1,000 bondels bevattende 20 hangpaaltjies/1,000 *lots containing* 20 *droppers*	£3

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 380.] [5 Maart 1954.

AANSTELLING VAN STAATSAMPTENARE AS HUWELIKSBEVESTIGERS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake behaag het om ondergenoemde staatsamptenare kragtens subartikel (2) van artikel *een* van Wet No. 43 van 1916 en met ingang van die datums hieronder gemeld, tot huweliksbevestigers te benoem vir die distrikte wat teenoor hul name gemeld word. Tensy ander aangedui, is die benoeming van krag solank die betrokke amptenare hul teenswoordige betrekkings op die aangeduide plekke beklee.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

✱ No. 380.] [5 March 1954.

APPOINTMENT OF PUBLIC OFFICERS AS MARRIAGE OFFICERS.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of the Interior has been pleased in terms of section *one*, sub-section (2) of Act No. 43 of 1916, to designate the following public officers as marriage officers for the districts set opposite their respective names, with effect from the dates stated, and, unless otherwise indicated, during such time as the officers concerned hold their present posts at the places indicated.

PROVINSIE TRANSVAAL, SLEGS NIE-BLANKES.—*PROVINCE OF THE TRANSVAAL, NON-EUROPEANS ONLY.*

Naam.—*Name.*	Rang.—*Rank.*	Plek.—*Station.*	Distrik.—*District.*	Tydperk.—*Period.*
Van Graan, Izak Johannes	In die personeel van die Naturellekommissaris—*On the Staff of the Native Commissioner*	Springs.....	Springs.....	1/12/53–31/12/53.
Pretorius, Christian Frans Gunther	In die personeel van die Naturellekommissaris—*On the Staff of the Native Commissioner*	Nigel.....	Nigel.....	1/12/53.

✱ No. 381.] [5 Maart 1954.

AANSTELLING AS HUWELIKSBEVESTIGERS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake behaag het om, kragtens artikel *twee* (1) van Wet No. 43 van 1916, die aanstelling van ondergenoemde persone as huweliksbevestigers goed te keur soos hieronder aangedui:—

✱ No. 381.] [5 March 1954.

APPOINTMENT OF MARRIAGE OFFICERS.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of the Interior has been pleased to approve, in terms of section *two* (1) of Act No. 43 of 1916, the following persons as marriage officers as indicated hereunder:—

VIR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN SOLANK HULLE PREDIKANTE IN DIE UNIE IS.
FOR THE UNION OF SOUTH AFRICA AND WHILE MINISTER OF RELIGION IN THE UNION.

Naam. *Name.*	Kerkgenootskap of -organisasie. *Church Denomination or Organisation.*	Met ingang van. *With Effect from.*
Eerw.—*Rev.* Hull, Laurence	Rooms-Katolieke Kerk—*Roman Catholic Church*	3/11/53
Eerw.—*Rev.* Rossouw, Willem Andries	Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk	9/11/53
Eerw.—*Rev.* Campbell, Dominic	Rooms-Katolieke Kerk—*Roman Catholic Church*	9/11/53
Eerw.—*Rev.* Schanz, Theodor	Duitse Lutherse Kerk—*German Lutheran Church*	12/11/53
Ds.—*Rev.* Opperman, Johannes Marthinus	Gereformeerde Kerk	16/11/53
Rabbi Werner, Oscar Marcus	Hebreeuse Geloof—*Hebrew Faith*	25/11/53
Eerw.—*Rev.* Beetge, Frans Jacobus Martinus	Gemeente van God.—*Congregation of God*	27/11/53
Eerw.—*Rev.* de Villiers, Hermanus Francois	Volle Evangelie-kerk van God in Suidelike Afrika—*Full Gospel Church of God in South Africa*	30/11/53
VIR DIE PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.—*FOR THE PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.*		
Eerw.—*Rev.* Katiya, Ntsikelelo	Presbiteriaanse Bantoekerk van Suid-Afrika—*Bantu Presbyterian Church of South Africa*	24/11/53
VIR DIE PROVINSIE NATAL.—*FOR THE PROVINCE OF NATAL.*		
Eerw.—*Rev.* Kuzwayo, Clifford Clinton	„ American Board "-sending van Suid-Afrika—*American Board Mission in South Africa*	18/11/53
Eerw.—*Rev.* Butelezi, Stephen Ephraim	Algemene Kerk van die Nuwe Jerusalem—*General Church of the New Jerusalem*	24/11/53
Eerw.—*Rev.* Mdayi, Samuel Hamilton	Bantoe-Metodistekerk van Suid-Afrika—*Bantu Methodist Church of South Africa*	28/11/53
VIR DIE PROVINSIE TRANSVAAL.—*FOR THE PROVINCE OF TRANSVAAL.*		
Ds.—*Rev.* Burgers, Gert Stephanus	Nederduitse Gereformeerde Kerk.....Slegs/*Only*	12/12/53
Ds.—*Rev.* Reyneke, Jacobus Louw	Nederduitse Gereformeerde Kerk.....Slegs/*Only*	28/11/53

✱ No. 382.] [5 Maart 1954.

HERROEPING VAN AANSTELLINGS AS HUWELIKSBEVESTIGERS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake, kragtens artikel *vier* van Wet No. 43 van 1916, die herroeping van die magtiging van ondergenoemde predikante om huwelike te bevestig, goedgekeur het.

VIR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Loose, Thomas, Congregational Union of South Africa.
Gurney, Stanley Noel, Church of the Province of South Africa.
Burger, Jacobus Gideon Coenraad, Nederduitse Gereformeerde Kerk.
Stanham, Charles Taylor, Anglikaanse Kerk.
Fisher, George Edward, Pentecostal Holiness Church.
Beetge, Frans Jacobus Martinus, Volle Evangeliekerk.

VIR DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Friedman, Leib, Berea Hebreeuse gemeente.

VIR DIE PROVINSIE NATAL.

Pohlwana, Elliot Julius, African Congregational Church.

✱ No. 382.] [5 March 1954.

REVOCATION OF APPOINTMENTS OF MARRIAGE OFFICERS.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of the Interior, has, in terms of section *four* of Act No. 43 of 1916, approved of the revocation of the authority to solemnise marriages of the undermentioned ministers of religion.

FOR THE UNION OF SOUTH AFRICA.

Loose, Thomas, Congregational Union of South Africa.
Gurney, Stanley Noel, Church of the Province of South Africa.
Burger, Jacobus Gideon Coenraad, Nederduitse Gereformeerde Kerk.
Stanham, Charles Taylor, Anglican Church.
Fisher, George Edward, Pentecostal Holiness Church.
Beetge, Frans Jacobus Martinus, Full Gospel Church.

FOR THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Friedman, Leib, Berea Hebrew Congregation.

FOR THE PROVINCE OF NATAL.

Pohlwana, Elliot Julius, African Congregational Church.

✱ No. 390.] [19 Februarie 1954.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—„RAND POSTAL SERVICES CLUB".

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, uniform en wapen van die „Rand Postal Services Club", Johannesburg, soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 2810 van 19 November 1952 geregistreer het.

✱ No. 390.] [19 February 1954.

PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—RAND POSTAL SERVICES CLUB.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name, uniform and badge of the Rand Postal Services Club, Johannesburg, as described in Government Notice No. 2810 of the 19th November, 1952.

✱ No. 418.] [18 Februarie 1954.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—GESONDHEIDSBEAMPTEVERENIGING VAN SUIDELIKE AFRIKA.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Ere-algemene Sekretaris van die Gesondheidsbeamptevereniging van Suidelike Afrika, Johannesburg, aansoek gedoen het om registrasie van die vereniging se naam. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Naam.—Gesondheidsbeamptevereniging van Suidelike Afrika.

Wapen.—'n Skild met 'n grys riddershelm daarop en daaromheen 'n ornamentele versiering in rooi en goud. Die skild is verdeel in twee ongelyke dele. In die boonste, en kleinste, gedeelte is daar 'n afbeelding van die opkomende son in goud op 'n hemelsblou agtergrond. In die onderste gedeelte 'n afbeelding van Mercurius se staf—'n staf wat twee vleuels en omwind deur twee slange—alles in goud op 'n rooi agtergrond. Bokant die helm en rustende op 'n wrong, is daar 'n afbeelding van 'n klimmende Skotse leeu in rooi. Onderkant die skild, 'n rol in grys met die leuse Salus Populi Suprema Est Lex daarop.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 414.] [5 Maart 1954.

OFFISIERE VAN DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG OP DIE LYS VAN AFGETREDENES GEPLAAS.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens subartikel (1) van artikel *vier-en-dertig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, ondergenoemde offisiere van die Unieverdedigingsmag op die Lys van Afgetredenes te plaas daar hulle, tensy anders vermeld, die ouderdomsgrens bereik het:—

Kolonel Spencer Richard Fleischer, C.B.E., D.S.O., M.C., Reserwe van Offisiere, Genie (Afdeling I), 13 Desember 1953.

Kommandant Francis Henry Stevens, Reserwe van Offisiere, Seindiens (Afdeling III), 21 Desember 1953.

Majoor Martin Versfeld, Reserwe van Offisiere, Infanterie (Afdeling III), 7 Desember 1953.

Kaptein Alfred Harry Garnet Blamey, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling III), 18 Januarie 1938.

Kaptein Louis Johannes Dreyer, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling II), 12 Desember 1953.

Kaptein Jurie Johannes Human Bester, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling III), 16 Desember 1953.

Kaptein John James McCord, Reserwe van Offisiere, Inligtingsdiens (Afdeling III), 22 Desember 1953.

Kaptein John Leonard Brink, Reserwe van Offisiere, Algemene Lys (Afdeling III), 23 Desember 1953.

Kaptein Frederick Charles William Stanford, Reserwe van Offisiere, Infanterie (Afdeling III), 24 Desember 1953.

Kaptein Roderich Eduard Gerhard Rosenow, Reserwe van Offisiere, Infanterie (Afdeling III), 28 Desember 1953.

Kaptein Dennis Robert Lockyer, Reserwe van Offisiere, Administratiewe Tak (Afdeling III), 29 Desember 1953.

Luitenant Ewald Vos Scholtz, Suid-Afrikaanse Lugmag se Algemene Reserwe van Offisiere, 18 Julie 1946.

Luitenant Ernst Hendrik Strauss, Reserwe van Offisiere, Infanterie (Afdeling III), 6 Desember 1953.

Luitenant Leonard Whiteley, Reserwe van Offisiere, Motordiens (Afdeling III), 6 Desember 1953.

✱ No. 418.] [18 February 1954.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—HEALTH OFFICIALS' ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA.

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Honorary General Secretary of the Health Officials' Association of Southern Africa, Johannesburg, has applied for the registration of the name and badge of the association. Any person affected, or likely to be affected who desires to raise objection to the application may do so within three months of the date of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name.—Health Officials' Association of Southern Africa.

Badge.—A shield surmounted by a knight's helmet in grey, and surrounded by an ornamental embellishment in red and gold. The shield is divided into two unequal sections. In the top smaller section on a skyblue background appears a representation of the rising sun in gold. In the bottom section, on a red background, appears a representation of a Caduseus—a wand surrounded with two wings and entwined by two serpents—all in gold. Above the helmet and resting on a torse, alternated red and gold, appears a representation in red, of a Scottish lion rampant. Underneath the shield is a scroll in grey bearing the motto Salus Populi Suprema Est Lex.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 414.] [5 March 1954.

OFFICERS OF THE UNION DEFENCE FORCES PLACED ON THE RETIRED LIST.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under sub-section (1) of section *thirty-four* of the South Africa Defence Act, 1912, to place on the Retired List, the undermentioned officers of the Union Defence Forces who have reached the age limit except where otherwise stated:—

Colonel Spencer Richard Fleischer, C.B.E., D.S.O., M.C., Reserve of Officers, Engineers Branch (Section I), 13th December, 1953.

Commandant Francis Henry Stevens, Reserve of Officers, Signals Branch (Section III), 21st December, 1953.

Major Martin Versfeld, Reserve of Officers, Infantry Branch (Section III), 7th December, 1953.

Captain Alfred Harry Garnet Blamey, Reserve of Officers, Mounted Rifles Branch (Section III), 18th January, 1938.

Captain Louis Johannes Dreyer, Reserve of Officers, Mounted Rifles Branch (Section II), 12th December, 1953.

Captain Jurie Johannes Human Bester, Reserve of Officers, Mounted Rifles Branch (Section III), 16th December, 1953.

Captain John James McCord, Reserve of Officers, Intelligence Branch (Section III), 22nd December, 1953.

Captain John Leonard Brink, Reserve of Officers, General List (Section III), 23rd December, 1953.

Captain Frederick Charles William Stanford, Reserve of Officers, Infantry Branch (Section III), 24th December, 1953.

Captain Roderich Eduard Gerhard Rosenow, Reserve of Officers, Infantry Branch (Section III), 28th December, 1953.

Captain Dennis Robert Lockyer, Reserve of Officers, Administrative Branch (Section III), 29th December, 1953.

Lieutenant Ewald Vos Scholtz, South African Air Force General Reserve of Officers, 18th July, 1946.

Lieutenant Ernst Hendrik Strauss, Reserve of Officers, Infantry Branch (Section III), 6th December, 1953.

Lieutenant Leonard Whiteley, Reserve of Officers, Mechanical Transport Branch (Section III), 6th December, 1953.

Luitenant Ernst Johannes Friedrich Freese, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling II), 15 Desember 1953.

Luitenant Lourens Johannes Pretorius, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling II), 21 Desember 1953.

Luitenant Jan Samuel Booysen, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling II), 24 Desember 1953.

Luitenant Lourens Hermanus Dahms, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling II), 29 Desember 1953.

Tweede luitenant Matthys Gerhardus Otto, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling II), 8 Desember 1953.

Tweede luitenant Willem Hendrik Pieters, Reserwe van Offisiere, Seindiens (Afdeling III), 22 Desember 1953.

Tweede luitenant Willem Johannes Carstens, Reserwe van Offisiere, Berede Skutters (Afdeling III), 25 Desember 1953. [A.G. (1) K. 378/48.]

✱ No. 419.] [5 Maart 1954.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat seeweeroefening deur die artillerie uitgevoer sal word op die plekke, datums en ure hieronder vermeld:—

Datum.	*Ure.*	*Battery en aard van skietoefening.*
Kaapstad—		
26 Maart 1954.	2000- tot 2359-uur	Apostle en Wynyard—Verspreide loskruit.
27 Maart 1954.	0830- tot 1300-uur	Duncan—Ligtegeskut.
27 Maart 1954.	0830- tot 1300-uur	Wynyard—Swaar-geskut.
29 Maart 1954.	0830- tot 1400-uur	Apostle—Swaar en ligtegeskut.

(Die reekse wat vir 27 Maart 1954 bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op 30 Maart 1954 plaasvind.)

Simonstad—		
26 Maart 1954.	1500- tot 1600-uur	Scale—Ligtegeskut.
26 Maart 1954.	1400- tot 1530-uur	Noah's Ark—Swaar-geskut.
Strandfontein (Wynberg Distrik)—		
25 Maart 1954.	0900- tot 1600-uur	Strandfontein—Swaar lugafweer.
26 Maart 1954.	0900- tot 1600-uur	
29 Maart 1954.	0900- tot 1600-uur	
30 Maart 1954.	0900- tot 1600-uur	
31 Maart 1954.	0900- tot 1600-uur	
1 April 1954..	0900- tot 1600-uur	
2 April 1954..	0900- tot 1600-uur	
Gordonsbaai—		
26 Maart 1954.	0900- tot 1200-uur	Gordonsbaai — Swaargeskut.

2. Bewoners en eienaars van geboue in die omgewing van die batterye in paragraaf 1 genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefeninge plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied, in die Bylae hiervan bepaal, binne te gaan terwyl die skietoefeninge aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings, kragtens die bepalings hiervan uitgegee, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie te verontagsaam.

5. Die Bevelvoerder, Kuskommandement, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na die datum van die skietoefening by sy kantoor te Youngsfield, Pk. Wynberg, ingedien word.

BYLAE.

Toolmaking.....	*First Year.*—Instruction in safety precautions and first aid applicable to the trade; the uses, handling and care of hand tools and measuring instruments; elementary fitting, machining and marking off associated with the manufacture of tools, jigs, fixtures and gauges. *Second to Fourth Years.*—Instruction in the more precise classes of work on all types of machine tools and varieties of bench work including gaugemaking and advanced marking off generally associated with toolroom requirements; heat treatment of steels and knowledge of properties and materials; reading and application of drawings; process and acceptance inspection; guidance in accepting responsibility to produce on his own initiative. *Fifth Year.*—General revision and independent work.	

Kragtens subartikel (4) van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, moet besware teen bogemelde voorneme binne 30 dae van die datum van hierdie kennisgewing by die Sekretaris, Staatsvakleerlingskapkomitee, Posbus 393, Pretoria, ingedien word.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

OPMERKING insake KLOUSULE 4 (c).

Indien 'n vakleerling nie langer verplig is om klasse gedurende werkure by te woon nie kan die werkgewer hom nogtans vrygee ten einde hom in staat te stel om voort te gaan om klasse gedurende werkure by te woon.

✱ No. 392.] [5 Maart 1954.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

CHEMIKALIEËNYWERHEID (KAAP).

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Chemikalieënywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, en vir die tydperk wat op 3 Mei 1955 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousule 3 van genoemde Ooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, en vir die tydperk wat op 3 Mei 1955 eindig, bindend is vir die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde nywerheid in die magistraatsdistrik Bellville; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousule 3 van genoemde Ooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, en vir die tydperk wat op 3 Mei 1955 eindig, in die magistraatsdistrik Bellville, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in diens in genoemde nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

In terms of sub-section (4) of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, objections to the above proposals should be lodged with the Secretary of the Government Apprenticeship Committee, P.O. Box 393, Pretoria, within 30 days of the date of this notice.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

NOTE *re* CLAUSE 4 (c).

Where an apprentice is no longer required to attend classes during working hours the employer may nevertheless release him from work to enable him to continue to attend classes during working hours.

✱ No. 392.] [5 March 1954.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

CHEMICAL INDUSTRY (CAPE).

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Chemical Industry shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 3rd May, 1955, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that trade union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act declare that the provisions contained in clause 3 of the said Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 3rd May, 1955, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Magisterial District of Bellville; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial District of Bellville and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 3rd May, 1955, the provisions contained in clause 3 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said industry as are not included in the definition of the expression "employee", contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE CHEMIKALIEËNYWERHEID (KAAP).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit en aangegaan tussen die

Cape Manufacturing Chemists' and Druggists' Association

(hieronder „die werkgewers" of die „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Chemical and Allied Workers' Union

(hieronder „die werknemers" of „die vakvereniging" genoem), aan die ander kant.

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die magistraatsdistrik Bellville nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasie wat in die Chemikalieënywerheid is en deur alle lede van die vakvereniging wat in daardie nywerheid in diens is.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die datum wat die Minister van Arbeid ingevolge die bepalings van artikel *agt-en-veertig* van die Wet vasstel, en bly van krag tot 3 Mei 1955, of vir die tydperk wat die Minister bepaal.

3. ALGEMENE BEPALINGS.

Die bepalings van artikels 3 tot 17 en 19 en 20 van die Ooreenkoms wat by Goewermentskennisgewing No. 2051 van 18 September 1953 gepubliseer is, is van toepassing op werkgewers en werknemers.

4. SPESIALE BEPALINGS.

Die bepalings van artikel 18 van die Ooreenkoms wat by Goewermentskennisgewing No. 2051 van 18 September 1953 gepubliseer is, is van toepassing op werkgewers en werknemers.

Namens die partye op hede die 14de dag van Januarie 1954 in Kaapstad onderteken.

D. J. KINLAY,
Voorsitter van die Raad.

T. PETERSEN,
Ondervoorsitter van die Raad.

J. C. LESSING,
Assistent-sekretaris van die Raad.

✱ No. 393.] [5 Maart 1954.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

CHEMIKALIEËNYWERHEID (KAAP).

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar hierby dat die bepalings van die Ooreenkoms en die kennisgewing in verband met die Chemikalieënywerheid, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 392 van 5 Maart 1954 vir die persone wie se werkure daarby gereël word, nie minder gunstig is as die ooreenstemmende bepalings van genoemde Wet nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 394.] [5 Maart 1954.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN TERMYN VAN TOEPASSING VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE OFTALMIESE OPTIESE VERVAARDIGINGSBEDRYF.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tot 6 Junie 1954, die termyn vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1851 van 28 Augustus 1953.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CHEMICAL INDUSTRY (CAPE).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act 1937, made and entered into between the

Cape Manufacturing Chemists' and Druggists' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Chemical and Allied Workers' Union

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union"), of the other part,

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial District of Bellville by all members of the employers' organisation who are engaged in and all members of the trade union who are employed in the Chemical Industry.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force until the 3rd May, 1955, or such period as may be determined by him.

3. GENERAL PROVISIONS.

The provisions of sections 3 to 17 and 19 and 20 of the Agreement published under Government Notice No. 2051 dated the 18th September, 1953, shall apply to employers and employees.

4. SPECIAL PROVISIONS.

The provisions of section 18 of the Agreement published under Government Notice No. 2051 dated the 18th September, 1953, apply to employers and employees.

Signed at Cape Town on behalf of the parties, this 14th day of January, 1954.

D. J. KINLAY,
Chairman of the Council.

T. PETERSEN,
Vice-Chairman of the Council.

J. C. LESSING,
Assist. Secretary of the Council.

✱ No. 393.] [5 March 1954.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

CHEMICAL INDUSTRY (CAPE).

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Chemical Industry, published under Government Notice No. 392 of the 5th March, 1954, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 394.] [5 March 1954.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE OPHTHALMIC OPTICAL MANUFACTURING INDUSTRY.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 6th June, 1954, the period referred to in Government Notice No. 1851 of the 28th August, 1953.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 395.] [5 Maart 1954.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

DRUK- EN NUUSBLADNYWERHEID.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die ooreenkoms (hierna die „wysigingsooreenkoms" genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Druk- en Nuusbladnywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op die 30ste dag van Junie 1956 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en vakvereniging wat die wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasies of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1956 eindig—

(i) die bepalings vervat in klousule (*a*) van die wysigingsooreenkoms bindend is vir die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde nywerheid in die Unie van Suid-Afrika; en

(ii) die bepalings vervat in klousule (*b*) van die wysigingsooreenkoms bindend is vir die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde nywerheid in die magistraatsdistrikte Pretoria, Johannesburg, Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp Heidelberg (Transvaal), Nigel, Springs, Delmas, Vereeniging, die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Durban, Pinetown, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Kimberley en Pieterritzburg; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1956 eindig, die bepalings vervat in klousule (*b*) van die wysigingsooreenkoms in die magistraatsdistrikte Pretoria, Johannesburg, Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Heidelberg (Transvaal), Nigel, Springs, Delmas, Vereeniging, die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Durban, Pinetown, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Kimberley en Pietermaritzburg *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in genoemde nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE DRUK- EN NUUSBLADNYWERHEID VAN SUID-AFRIKA.

OOREENKOMS

gesluit en aangegaan ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, deur die

Federation of Master Printers of South Africa

en die

Newspaper Press Union of South Africa

(hieronder die „werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

South African Typographical Union

(hieronder die „vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Druk- en Nuusbladnywerheid van Suid-Afrika.

✱ No. 395.] [5 March 1954.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, do hereby declare—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as "the amending agreement") which appears in the Schedule hereto and which relates to the Printing and Newspaper Industry shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 30th day of June, 1956, upon the employers' organisations and trade union which entered into the amending Agreement and upon the employers and employees who are members of those organisations or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, that from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on the 30th June, 1956—

(i) the provisions contained in clause (*a*) of the amending Agreement shall be binding upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Union of South Africa; and

(ii) the provisions contained in clause (*b*) of the amending Agreement shall be binding upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Magisterial Districts of Pretoria, Johannesburg, Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Heidelberg (Transvaal), Nigel, Springs, Delmas, Vereeniging, the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Durban, Pinetown, Port Elizabeth, East London, Bloemfontein, Kimberley and Pietermaritzburg; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act that from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June, 1956, the provisions contained in clause (*b*) of the amending Agreement shall in the Magisterial Districts of Pretoria, Johannesburg, Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Heidelberg (Transvaal), Nigel, Springs, Delmas, Vereeniging, the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Durban, Pinetown, Port Elizabeth, East London, Bloemfontein, Kimberley and Pietermaritzburg apply *mutatis mutandis* in respect of such persons in the said industry as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

AGREEMENT

entered into in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, by and between the

Federation of Master Printers of South Africa

and the

Newspaper Press Union of South Africa

(hereinafter referred to as "the employers' organisations") of the one part, and the

South African Typographical Union

(hereinafter referred to as the "trade union") of the other part, being the parties to the National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa.

Die Ooreenkoms wat kragtens Goewermentskennisgewing No. 1294 van 19 Junie 1953 afgekondig is, word hierby soos volg gewysig:—

(*a*) Deur vervanging van die volgende nuwe klousule 18 (4) vir die bestaande klousule 18 (4):—

„(4) *Mediese hulpfonds.*—Elke werkgewer moet aan die Mediese hulpfonds van die Raad 5s. (vyf sjielings) per week bydra ten opsigte van elke werknemer in diens by hom wat lid van die vakvereniging is en vir wie lone in klousule 6 (1) (*a*) en (*b*) en tabel 17 van klousule 33 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, en 'n soortgelyke bedrag per week ten opsigte van elke werknemer in diens by hom wat lid van die vakvereniging is en twee jaar of meer ondervinding in die Nywerheid gehad het en vir wie lone in klousules 6 (1) (*c*), (*d*) of (*e*) 30, 32 en tabelle 18 tot 26 van klousule 33 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is. Die bydraes genoem in hierdie subklousule is nie betaalbaar ten opsigte van werknemers van die genoemde klasse wat lede van mediese hulpverenigings of dergelike organisasies is wat die Staande Komitee na goeddunke vir hierdie doel geregistreer het nie; en die 2s. 6d. (twee sjielings en ses pennies) per week, genoem in subklousule (6) hiervan, mag nie van die lone van sulke werknemers afgetrek word nie."

(*b*) Deur die vervanging van die onderstaande nuwe klousule 38 (5) vir die bestaande klousule 38 (5):—

„(5) Ten einde die uurloon van 'n arbeider vas te stel, moet die weeklikse besoldiging, wat aan die betrokke werknemer op hierdie stadium betaal word, en nie minder is as die minimum waarvoor voorsiening in hierdie Ooreenkoms gemaak word nie, deur die getal ure genoem in klousule 39 gedeel word, en ten einde die dagloon vas te stel, moet sodanige uurloon met die getal ure vermenigvuldig word waarin gewoonlik gedurende die betrokke dag gewerk word."

Nademaal die Werkgewersorganisasies en die Vakvereniging tot dié Ooreenkoms soos hierin uiteengesit, besluit het, verklaar ondergetekende gemagtigde beamptes van die Raad hierby dat die voorafgaande die Ooreenkoms is waartoe besluit is en heg hulle hul handtekeninge daaraan.

Onderteken in Kaapstad, hede die vierde dag van Januarie 1954.

Nasionale Nywerheidsraad vir die Druk- en Nuusbladnywerheid van Suid-Afrika.

D. A. SALES, *Voorsitter.*
S. GEO. RADDALL, *Ondervoorsitter.*
E. P. KEMP, *Sekretaris.*

The Agreement promulgated under Government Notice No. 1294 of the 19th June, 1953, is hereby amended as follows:—

(*a*) By the substitution of the following new section 18 (4) for the existing section 18 (4):—

"(4) *Medical Aid Fund.*—Every employer shall contribute to the Medical Aid Fund of the Council the sum of 5s. (five shillings) per week in respect of each employee employed by him who is a member of the trade union and for whom wages are prescribed in section 6 (1) (*a*) and (*b*) and Table 17 of section 33 of this Agreement and a similar amount per week in respect of each employee employed by him who is a member of the trade union, has had two years' or more experience in the Industry and for whom wages are prescribed in sections 6 (1) (*c*), (*d*) or (*e*), 30, 32 and Table 18 to 26 of section 33 of this Agreement. The contributions mentioned in this sub-section shall not be payable in respect of employees of the classes mentioned, who are members of medical aid societies or similar organisations, which the Standing Committee, in its discretion, has registered for this purpose; and the deduction of 2s. 6d. (two shillings and sixpence) per week mentioned in sub-section (6) hereof may not be made from the wages of such employees."

(*b*) By the substitution of the following new section 38 (5) for the existing section 38 (5):—

"(5) For the purpose of ascertaining the hourly rate of remuneration of a labourer, the weekly remuneration payable to the employee concerned at the time, being not less than the minimum provided in this Agreement, shall be divided by the number of hours specified in section 39, and for the purpose of ascertaining the daily rate, such hourly rate shall be multiplied by the number of hours normally worked during the day affected."

The Employers' Organisations and the Trade Union having arrived at the Agreement set forth herein, the undersigned authorised officers of the Council hereby declare that the aforegoing is the Agreement arrived at and affix their signatures thereto.

Dated at Cape Town this fourth day of January, 1954.

National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa.

D. A. SALES, *Chairman.*
S. GEO. RADDALL, *Vice-Chairman.*
E. P. KEMP, *Secretary.*

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 376.] [5 Maart 1954.

TOEPASSING VAN DIE REGISTRASIEREGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *AGT-EN-DERTIG* (1) VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET No. 25 VAN 1945), OP DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN CRADOCK.

Hierby wor vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), onderstaande besonderhede in die Bylaes van Goewermentskennisgewing No. 1032 van 1949, soos gewysig, by te voeg onder die hoof „Kaapprovinsie":—

EERSTE BYLAE.

Geproklameerde gebied waarop hierdie regulasies van toepassing is.	Proklamasie wat gebied proklameer.	Datum van Proklamasie.	Datum waarop hierdie regulasies van krag word.
Cradock.....	34.....	5/3/54	1/4/54

TWEEDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 5 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Cradock.....	Twee sjielings.

DERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 7 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Cradock.....	Twee sjielings.

VIERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 12 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Cradock.....	Twee sjielings.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

✱ No. 376.] [5 March 1954.

APPLICATION OF THE REGISTRATION FRAMED UNDER SECTION *THIRTY-EIGHT* (1) OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (ACT No. 25 OF 1945), TO THE PROCLAIMED AREA OF CRADOCK.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), to add the following particulars to the Schedules to Government Notice No. 1032 of 1949, as amended, under the heading "Cape Province":—

FIRST SCHEDULE.

Proclaimed Area to which these Regulations are applicable.	Proclamation Proclaiming Area.	Date of Proclamation.	Date from which these Regulations are of Force and Effect.
Cradock.....	34.....	5/3/54	1/4/54

SECOND SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 5 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Cradock.....	Two shillings.

THIRD SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 7 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Cradock.....	Two shillings.

FOURTH SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 12 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Cradock.....	Two shillings.

✱ No. 383.] [5 Maart 1954.

REGULASIES KRAGTENS DIE NATURELLETRUST EN -GROND WET, 1936 (WET No. 18 VAN 1936).

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens paragraaf (*k*) van subartikel (1) van artikel *vyf-en-veertig* van die Naturelletrust en -Grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), sy goedkeuring te heg aan die verdere wysiging van die Trustregulasies, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 494 van 1937 en gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1467 van 1940, soos in die Bylae hieronder uiteengesit.

BYLAE.

(*a*) Deur die invoeging na paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel 45, van die volgende paragraaf:—

„(*c*) *bis* Enige persoon wat 'n persoon genoem in paragraaf (*c*) in die uitvoering van sy pligte vergesel."

(*b*) Deur die invoeging van artikel 46 van die letters „(*c*) *bis*" na die woord „subparagraaf".

✱ No. 396.] [5 Maart 1954.

UITOEFENING VAN BEHEER DEUR DIE STADSRAAD VAN KIMBERLEY OOR DIE VERKOOP OF LEWERING VAN UITGELOOPTE GRAAN IN DIE OMSTEDELIKE GEBIED VAN KIMBERLEY.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake kragtens subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar dat niemand met ingang van die datum hiervan òf self òf deur tussenkoms van 'n bediende of agent, uitgeloopte graan of gebreekte of gemaalde uitgeloopte graan binne vyf myl van die grens van die stadsgebied van Kimberley aan 'n Naturel mag verkoop of lewer nie tensy magtiging vir die verkoop of lewering verleen word by 'n permit wat deur die Stadsraad van Kimberley uitgereik is.

✱ No. 402] [5 March 1954.

STADSGEBIED VAN VRYHEID, PROVINSIE NATAL.

REGULASIES VIR DIE BESTUUR VAN EN BEHEER OOR DIE PERSEEL WAAROP KAFFERBIER VERVAARDIG, VERKOOP OF VERSKAF WORD INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL *VIER-EN-DERTIG* VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Naturellesake het, ingevolge die bepalings van subartikel (2) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, onderstaande regulasies uitgevaardig om vanaf die datum van afkondiging daarvan binne die stadsgebied van Vryheid van krag en toepassing te wees.

1. Tensy in stryd met die samehang beteken in hierdie regulasies—

„bestuurder" die amptenaar wat van tyd tot tyd deur die stedelike plaaslike bestuur aangestel word om sodanige plaaslike bestuur se ondernemings te bestuur in die perseel of geboue in enige gedeelte waarvan kafferbier vervaardig, verkoop of verskaf word, of enige agterplaas of afskorting wat tot sodanige geboue behoort, en om dit te beheer;

„stedelike plaaslike bestuur" die Stadsraad van Vryheid;

„Wet" die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945) soos gewysig.

✱ No. 383.] [5 March 1954.

REGULATIONS UNDER THE NATIVE TRUST AND LAND ACT, 1936 (ACT No. 18 OF 1936).

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve in terms of paragraph (*k*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), of the further amendment of the Trust Regulations published under Government Notice No. 494 of 1937, as amended by Government Notice No. 1467 of 1940, as set out in the Schedule below.

SCHEDULE.

(*a*) By the addition after paragraph (*c*) of sub-section (1) of section 45, of the following paragraph:—

"(*c*) *bis* any person who is accompanied by any person mentioned in paragraph (*c*) whilst acting in the course of his duties;"

(*b*) By the insertion in section 46 of the lettering "(*c*) *bis*" after the word "sub-paragraph".

✱ No. 396.] [5 March 1954.

CONTROL BY THE TOWN COUNCIL OF KIMBERLEY OF THE SALE OR SUPPLY OF SPROUTED GRAIN IN THE PERI-URBAN AREA OF KIMBERLEY.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *thirty-six* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, the Minister of Native Affairs declares that, as from the date of publication hereof, no person shall either himself or through a servant or agent, sell or supply sprouted grain or crushed or ground sprouted grain to any Native within five miles of the boundary of the urban area of Kimberley unless such sale or supply is authorised under a permit issued by the Town Council of Kimberley.

✱ No. 402.] [5 March 1954.

URBAN AREA OF VRYHEID, PROVINCE OF NATAL.

REGULATIONS FOR THE MANAGEMENT AND CONTROL OF THE PREMISES ON WHICH KAFFIR BEER IS MANUFACTURED, SOLD OR SUPPLIED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION *THIRTY-FOUR* OF THE NATIVES URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED.

The Minister of Native Affairs has made the following regulations under sub-section (2) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, to be of force and effect within the urban area of Vryheid from the date of promulgation hereof.

1. In these regulations, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended;

"overseer" means the officer appointed from time to time by the urban local authority to manage such local authority's undertakings in, and to control, its premises or buildings in any portion of which kaffir beer is manufactured, sold or supplied and any yard or enclosure appertaining to such buildings;

"urban local authority" means the Borough Council of Vryheid.

2. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) kan kafferbier alleen verkoop of verskaf word—

(*a*) op weeksdae tussen die ure 7 vm. en 9 nm.; en

(*b*) vir verbruik, behalwe soos bepaal in subregulasie (3), op geen ander perseel nie as 'n eethuis wat deur die stedelike plaaslike bestuur opgerig is en beheer word.

(2) Op Sondae, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Kersdag of Geloftedag mag geen kafferbier verkoop of verskaf word nie.

(3) Die stedelike plaaslike bestuur kan, deur 'n besluit geneem ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *vier-en-dertig* van die Wet, soos gewysig, die voorgeskrewe amptenaar magtig om in goedgekeurde gevalle skriftelike permitte uit te reik vir die verkoop of verskaffing van kafferbier in hoeveelhede van hoogstens vier gelling om weg van die perseel vermeld in subregulasie (1) (*b*) verbruik te word.

3. Enigeen, of hy nou al dronk is of nie, wat hom op 'n oproerige of onordelike wyse gedra of onbetaamlike taal gebruik op enige perseel waarop kafferbier verkoop of verskaf word ingevolge subartikel (3) van artikel *vier-en-dertig* van die Wet, begaan 'n misdryf.

4. Die bestuurder of enigeen wat volgens sy opdrag handel, kan enige persoon toegang weier tot enige perseel onder sy beheer, of hom daarvan uitsit, wat dronk, gewelddadig, rusiemakerig en onordelik is of rondslenter, en kan weier om sodanige persoon met kafferbier te bedien; met dien verstande dat sodanige persoon nie uitgesit mag word nie alvorens hy deur die bestuurder of enigeen wat volgens sy opdrag handel, versoek is om die perseel te verlaat, en nagelaat of geweier het om die versoek na te kom.

5. Enige persoon wie se toestand, gedrag of aanwesigheid nadelig is vir, of in stryd is met die handhawing van fatsoenlikheid, reinheid, stilte, gesondheid, gerief of goeie orde in enige perseel of geboue onder die toesig van die bestuurder of enigeen wat volgens sy opdrag handel, en wat sodanige perseel betree of daarop vertoef nadat hy deur die bestuurder, of enigeen wat volgens sy opdrag handel, of deur 'n polisiebeampte of deur 'n konstabel versoek is om nie so 'n perseel binne te gaan nie of om dit te verlaat, na gelang van die geval begaan 'n misdryf.

6. Geen manlike naturel onder agtien jaar of naturellevrou van enige ouderdom mag 'n kamer waarin kafferbier aan manlike naturelle verkoop word, binnegaan nie, behalwe soos bepaal in regulasie 8.

7. Geen manlike naturel van enige ouderdom en geen naturellevrou wat klaarblyklik onder die ouderdom van een-en-twintig jaar is, mag 'n kamer waarin kafferbier aan naturellevroue verkoop word, binnegaan of daarin vertoef nie.

8. Niemand, behalwe 'n lid of 'n amptenaar van die stedelike plaaslike bestuur, of 'n polisiebeampte of konstabel wat 'n eethuis waarin kafferbier verkoop, verskaf, of verbruik word binnegaan in die uitvoering van sy pligte, of 'n naturel wat ingevolge hierdie regulasies geregtig is om sodanige eethuis binne te gaan met die doel om kafferbier of kos te koop of te gebruik, mag sodanige eethuis binnegaan sonder vergunning van die bestuurder of enigeen wat volgens sy opdrag handel nie. Enige persoon aldus belet wat—

(*a*) nadat hom toestemming geweier is, sodanige eethuis binnegaan; of

(*b*) nadat hy sonder sodanige toestemming sodanige eethuis betree het, weier of nalaat om dit te verlaat nadat hy deur die bestuurder of enigeen wat volgens sy opdrag handel, versoek is om sulks te doen,

begaan 'n misdryf.

9. Niemand, behalwe 'n lid of amptenaar van die stedelike plaaslike bestuur, of 'n polisiebeampte of konstabel in die uitvoering van sy pligte, mag sonder die vergunning van die bestuurder, of enigeen wat volgens sy opdrag handel, 'n perseel of enige gedeelte daarvan, waarin kafferbier deur die stedelike plaaslike bestuur vervaardig of gebrou word, binnegaan of daarop vertoef nie. Enige persoon wat—

(*a*) nadat hom sodanige toestemming geweier is, desondanks sodanige perseel of gedeelte daarvan betree, of

2. (1) Subject to the provisions of sub-regulation (2), kaffir beer may be sold or supplied only—

(*a*) on weekdays between the hours of 7 a.m. and 9 p.m.; and

(*b*) for consumption, except as may be provided in sub-regulation (3), on no other premises than an eating-house established and controlled by the urban local authority.

(2) No kaffir beer shall be sold or supplied on Sundays, Good Friday, Ascension Day, Christmas Day or the Day of the Covenant.

(3) The urban local authority may, by resolution passed as provided in sub-section (3) of section *thirty-four* of the Act, authorise the prescribed officer to issue, in approved cases, written permits for the sale or supply of kaffir beer in quantities not exceeding four gallons for consumption off the premises referred to in sub-regulation (1) (*b*).

3. Any person who, whether drunk or not, behaves in a riotous or disorderly manner, or uses obscene language, upon any premises whereon kaffir beer is sold or supplied under sub-section (3) of section *thirty-four* of the Act, shall be guilty of an offence.

4. The overseer, or anyone acting under his instructions, may refuse to admit to, or may eject from any premises under his control any person who is drunk, violent, quarrelsome, disorderly or loitering, and may refuse to serve any such person with kaffir beer; provided that no such person shall be so ejected unless he shall first have been requested by the overseer, or anyone acting under his instructions, to quit such premises and shall have failed or refused to comply with such request.

5. Any person whose condition, behaviour or presence is or is calculated to be, prejudicial or inimical to the maintenance of decency, cleanliness, quietness, health, comfort or good order on any premises or buildings under the control of the overseer, or of anyone acting under his instructions, and who shall enter or remain on such premises after being requested by the overseer, or anyone acting under his instructions, or by any police officer or constable, to refrain from entering or to quit such premises, as the case may be, shall be guilty of an offence.

6. No male native under the age of eighteen years or female native of any age shall enter or be in any room in which kaffir beer is sold to male natives except as is provided in regulation 8.

7. No male native of any age and no female native under the apparent age of twenty-one years shall enter or be in any room in which kaffir beer is sold to female natives.

8. No person, other than a member or an employee of the urban local authority, or a police officer or constable entering in the discharge of his duties any eating-house in which kaffir beer is sold, supplied or consumed, or any Native entitled to enter such eating-house in terms of these regulations for the purpose of purchasing or consuming kaffir beer or food, shall enter such eating-house without the permission of the overseer or of anyone acting under his instructions. Any person so prohibited who—

(*a*) having been refused such permission, enters such eating-house; or

(*b*) having entered such eating-house without such permission, declines or fails to leave after having been requested so to do by the overseer or anyone acting under his instructions;

shall be guilty of an offence.

9. No person other than a member or any employee of the urban local authority, or a police officer or constable in the discharge of his duties shall, without the permission of the overseer or of anyone acting under his instructions, enter or be upon any premises, or any portion thereof, wherein kaffir beer is actually manufactured or brewed by the urban local authority. Any person who—

(*a*) having been refused such permission enters such premises or any portion thereof; or

(*b*) nadat hy sodanige perseel of gedeelte daarvan sonder sodanige toestemming betree het, weier of nalaat om dit te verlaat, nadat hy deur die bestuurder of enigeen wat volgens sy opdrag handel, versoek is om sulks te doen,

begaan 'n misdryf.

10. Goewermentskennisgewing No. 1748 van 7 Desember 1934 word hierby herroep.

✱ No. 405.] [5 Maart 1954.

VERENIGDE ALGEMENE RAAD VAN DIE TRANSKEIGEBIED.—WYSIGING VAN REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege-en-vyftig* van Proklamasie No. 65 van 1953, die wysiging, ooreenkomstig die meegaande Bylae, van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 663 van 1953, goed te keur.

BYLAE.

1. *Hoofstuk II, regulasie* 2.—In paragraaf (*d*) van die Afrikaanse teks, voeg die woord „ander" in na die woorde „in verband met".

2. *Hoofstuk III, regulasie* 2.—Vervang die woorde „die vorige artikel" deur die woorde „regulasie *een*".

3. *Hoofstuk VI, regulasie* 2.—Vervang die woord „artikel" deur die woord „regulasie".

4. *Hoofstuk VII, regulasie* 1.—Na die woorde „plantasies verantwoordelik is", voeg die volgende woorde in:—

„of 'n beampte wat met die invordering van intekengeld ten opsigte van die Raad se landboujoernaal belas is".

5. *Hoofstuk VII, regulasie* 11.—Skrap subregulasie (1) en vervang die deur die volgende subregulasie:—

„(1) In die geval van ingevorderde belastings moet die bewyse opgestel word op vorm G.C. 1 (veebelasting) en vorm G.C. 76 (gesondheidsbelasting) en die inligting wat op daardie vorms gevra word (onder andere die onderskeiding tussen lopende en agterstallige belastings) moet noukeurig verstrek word."

6. *Hoofstuk VIII, regulasie* 2.—In die Engelse teks, vervang die woord „resident" in subregulasie (2) deur die woord „residents".

✱ No. 406.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN SHIGALO-STAMOWERHEID, DISTRIK SIBASA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid vir die Shangaanstam onder Kaptein Johannes Makasane Shigalo in te stel ten opsigte van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van genoemde Wet bepaal het dat dié stamowerheid benewens voornoemde kaptein, uit minstens ses en hoogstens twaalf raadsmanne moet bestaan.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Sibasa wat bestaan uit Shigalolokasie No. 25.

(*b*) having entered without such permission declines or fails to leave such premises, or any portion thereof, after having been requested so to do by the overseer or anyone acting under his instructions,

shall be guilty of an offence.

19. Government Notice No. 1748, dated 7th December, 1934, is hereby repealed.

✱ No. 405.] [5 March 1954.

UNITED TRANSKEIAN TERRITORIES GENERAL COUNCIL.—AMENDMENT OF REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *fifty-nine* of Proclamation No. 65 of 1953, to approve of the amendment, in accordance with the Schedule hereto, of the regulations published under Government Notice No. 663 of 1953.

SCHEDULE.

1. *Chapter II, regulation* 2.—In paragraph (*d*) of the Afrikaans text after the words "in verband met" insert the word "ander".

2. *Chapter III, regulation* 2.—For the words "the last preceding section" substitute the words "regulation *one*".

3. *Chapter VI, regulation* 2.—For the word "section" substitute the word "regulation".

4. *Chapter VII, regulation* 1.—After the words "from plantations" add the following words:—

"or any officer charged with the collection of subscribtions in respect of the Council's agricultural journal".

5. *Chapter VII, regulation* 11.—Delete subregulation (1) and substitute therefor the following sub-regulation:—

"(1) In the case of rates collected, the vouchers shall be prepared on the form G.C. 1 (stock rate) and the form G.C. 76 (health rate), the information required by these forms (including the distinguishing of current from arrear rates) being carefully supplied."

6. *Chapter VIII, regulation* 2.—In sub-regulation (2) of the English text, for the word "resident" substitute the word "residents".

✱ No. 406.] [5 March 1954.

ESTABLISHMENT OF SHIGALO TRIBAL AUTHORITY.—SIBASA DISTRICT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a Bantu Tribal Authority for the Shangaan tribe under Chief Johannes Makasane Shigalo in respect of the area defined in the Schedule hereto.

It is further notified that His Excellency has, in terms of section *three* of the said Act, determined that such tribal authority shall consist, in addition to the aforenamed Chief, of no less than six and not more than twelve councillors.

SCHEDULE.

The area in the District of Sibasa consisting of Shigalo Location No. 25.

✱ No. 407.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN RAMBUDASTAMOWERHEID.—DISTRIK SIBASA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid vir die Bavendastam onder kaptein John Rambuda in te stel ten opsigte van die gebied wat in Bylae hiervan omskryf word.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van genoemde Wet bepaal het dat dié stamowerheid, benewens voornoemde kaptein, uit minstens ses en hoogstens twaalf raadsmanne moet bestaan.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Sibasa wat bestaan uit Rambudalokasie No. 38.

✱ No. 407.] [5 March 1954.

ESTABLISHMENT OF RAMBUDA TRIBAL AUTHORITY.—SIBASA DISTRICT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951, (Act No. 68 of 1951), to establish a Bantu Tribal Authority for the Bavenda tribe under Chief John Rambuda in respect of the area defined in the Schedule hereto.

It is further notified that His Excellency has, in terms of section *three* of the said Act, determined that such tribal authority shall consist, in addition to the aforenamed Chief, of not less than six and not more than twelve councillors.

SCHEDULE.

The area in the district of Sibasa consisting of Rambuda Location No. 38.

✱ No. 408.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN SHIKUNDU-STAMOWERHEID.—DISTRIK SIBASA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid vir die Shangaanstam onder kaptein Jim Shikundu in te stel ten opsigte van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van genoemde Wet bepaal het dat die stamowerheid, benewens voornoemde kaptein, uit minstens ses en hoogstens twaalf raadsmanne moet bestaan.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Sibasa wat bestaan uit—

Shikundulokasie No. 11.
Shikundulokasie-uitbreiding No. 10.

✱ No. 408.] [5 March 1954.

ESTABLISHMENT OF SHIKUNDU TRIBAL AUTHORITY.—SIBASA DISTRICT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a Bantu Tribal Authority for the Shangaan tribe under Chief Jim Shikundu in respect of the area defined in the Schedule hereto.

It is further notified that His Excellency has, in terms of section *three* of the said Act, determined that such tribal authority shall consist, in addition to the aforenamed Chief, of not less than six and not more than twelve councillors.

SCHEDULE.

The area in the district of Sibasa consisting of—

Shikundu Location No. 11.
Shikundu Location Extension No. 10.

✱ No. 409.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN MHINGA-STAMOWERHEID.—DISTRIK SIBASA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoestamowerheid vir die Shangaanstam onder kaptein Adolf Mhinga in te stel ten opsigte van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van genoemde Wet bepaal het dat dié stamowerheid, benewens voornoemde kaptein, uit minstens ses en hoogstens twaalf raadsmanne moet bestaan.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Sibasa wat bestaan uit—

Mhingalokasie No. 8.
Mhingalokasie-uitbreiding No. 9.

✱ No. 409.] [5 March 1954.

ESTABLISHMENT OF MHINGA TRIBAL AUTHORITY.—SIBASA DISTRICT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a Bantu Tribal Authority for the Shangaan tribe under Chief Adolf Mhinga in respect of the area defined in the Schedule hereto.

It is further notified that His Excellency has, in terms of section *three* of the said Act, determined that such tribal authority shall consist, in addition to the aforenamed Chief, of not less than six and not more than twelve councillors.

SCHEDULE.

The area in the district of Sibasa consisting of—

Mhinga Location No. 8.
Mhinga Location Extension No. 9.

✱ No. 410.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN LOMONDOSTAMOWERHEID.—DISTRIK SIBASA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid vir die Bavenda-stam onder kaptein Andries Mugagule Nelomondo in te stel ten opsigte van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

✱ No. 410.] [5 March 1954.

ESTABLISHMENT OF LOMONDO TRIBAL AUTHORITY.—SIBASA DISTRICT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a Bantu Tribal Authority for the Bavenda tribe under Chief Andries Mugagule Nelomondo in respect of the area defined in the Schedule hereto.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van genoemde Wet bepaal het dat die stamowerheid, benewens voornoemde kaptein, uit minstens twaalf en hoogstens agtien raadsmanne moet bestaan.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Sibasa wat bestaan uit—

Lomondolokasie No. 44.
Stamplaas Dzwerani No. 47.

✱ No. 411.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN KHAKU-STAMOWERHEID.—DISTRIK SIBASA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid vir die Bavenda-stam onder hoofman Shitangoni Khaku in te stel ten opsigte van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van genoemde Wet bepaal het dat dié stamowerheid, benewens voornoemde hoofman, uit minstens ses en hoogstens nege raadsmanne moet bestaan.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Sibasa wat bestaan uit Khakulokasie No. 39.

✱ No. 412.] [5 Maart 1954.

INSTELLING VAN BAHURUTSHE-STAMOWERHEID, DISTRIK MARICO.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid vir die Bathurutshe-stam onder kaptein Edward Ramakopane Lencoe in te stel ten opsigte van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Verder word bekendgemaak dat Sy Eksellensie kragtens artikel *drie* van voorgenoemde Wet bepaal het dat die stamowerheid benewens voornoemde kaptein, moet bestaan uit minstens dertien en hoogstens negentien raadsmanne.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Marico wat bestaan uit die volgende plase:—

Gedeelte B van die stamplaas Witkleigat No. 273,
Resterende gedeelte van die stamplaas Witkleigat No. 273.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

✱ No. 397.] [5 Maart 1954.

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

